# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XII. Donderdag 31 Oktober 1957. No. 16.


BIBLIOTEEK FERDINAND POSTMA

# DIE EINDE IS HIER.

## *Dinee's, Visdammery en Visvangwedstryde.*

Die gespanne atmosfeer wat vir die laaste paar weke op die PUK geheers het, het op Maandagmore 'n hoogtepunt bereik. Dit was eintlik 'n verligting toe die voorhoede van die skare wat die stryd met die akademie gaan aanknoop, heldhaftig die Hoofgebousaal binne gemarsjeer het. Ter hulde aan hulle wat gaan sneuwel, is die tradisionele sak-en-asoptog (met bietjie minder fanfare as gewoonlik) gehou.

**Sak-en-as:**

Onder die sing van „Ziet men scheiden . . . . ", „Waar is my Mamma . . . . ?" en „Ou vriend, kan jy vir my . . . . ?" het die sak-en-asoptog statig die Hoofgebousaal ingedraal. Toe onder die verhoog stelling ingeneem is, het Schalk Buys die woord geneem.

Klaend is gewag gemaak van

„Te kort die voorbereidingsuur,
„Te lank die eksamenduur . . . "

Op die Proffies is pleitend 'n beroep om genade gedoen, want „kan 'n studiebelustigde infantiel help dat hy stupid is?" Geen genade word egter betoon nie en „die magnifici professores sak toe op hulle slagoffers om 'n koherende verstrooiïng in hulle solderverdiepings en 'n Compton-effek in hulle kelderverdiepings te kreateer".

„Dan volg in die ry van gemarteldes die opsigters wat rooi-ogig met hulle epiglottus in hulle hande, sagbrommend van innige genot, rondsluip . ."

Aan die „onskuldige jong vriende wat rondgaan onder die skuilnaam van studente", word die volgende bemoedigende woorde toegevoeg: „Good luck, end mei de future bring no evil, of te wel: non spotsibus, non skryfibus, non doppibus."

Ten slotte het Schalk gesê: „Ek open die spleet van my gesig waar my tong bly en sit my orale organe in reverse en spreek die woorde wat hierdie contest of wits oopsit vir all comers."

Daarna het die „contest" met baie minder spanning as in jare begin en sal nog vir baie rondes duur.

**Voorgeskiedenis:**

Die gebeures hierbo beskryf, was eintlik die kulminasie van 'n lang reeks gebeurtenisse wat stadig na 'n einddoel beweeg het.

Vanaf die begin van die laaste kwartaal, kon 'n mens iets vreemds in die lug bespeur. In die laaste week het 'n mens telkens 'n uitbundige skaterlag van 'n gewoonlik bedeesde ou gehoor. Laatslapers in die kompleks is geesdriftig gevisdam en nie-laatslapers net so geesdriftig. Tydig en ontydig is klappers geskiet en lank is om die teekanne gekuier. Die Dawie Doepers het skielik entoesiastiese vistermanne geword (met kopspelde, garedrade en ruspes in die watervoor). Talle grotes het net losgekom en dit was 'n gawe uitlaatklep vir oortollige spanning. Die dames het knaend begin musiek maak en tot vervelens toe in die vierkante ge-„tan".

**Dinees:**

So tussen dit alles deur het eers die dames en toe die mans apart (tot misnoeë van albei groepe) koshuisdinee gehou. Die mans het toe 'n verrassingsbesoek aan die dameskoshuise gebring waarop die dames erg wraakgierig die manskoshuise bestorm het. Die gevolg was dat hulle toe omtrent al die visdam se water uitgeval en/of -gedrink het (vele visse het toe ook harsingskudding opgedoen—een is eers verlede week oorlede en is deur F. W. baie onsmaaklik gevind). Die nag is 'n sluipaanval op Gathland se fietsskuur gedoen en drie fietse het omtrent drie rooi speke elk opgedoen, waarna die dames hoogs voldaan bedwaarts gekeer het. Die nederlaag van die vorige aand was gewreek en die vrede weer herstel.

Tans word met verlange uitgesien na die laaste vraestel. Tussenin kom darem nog 5 November om die spanning bietjie te verlig. Intussen word diep gedelf ter voorbereiding vir menige „monster uit die donker dieptes van die akademiese brein"—om Schalk weer aan te haal.

**AAN ALLE LEDE VAN DIE REDAKSIE EN ADMINISTRASIE**

Die Redaksie en Administrasie van Die Wapad word daaraan herinner dat die beloofde massafliek sal plaasvind op Saterdagaand, 2 November. Die groep kom om 5.30 nm. by die hek van Thaba Jäh bymekaar vanwaar die reis per fiets na die Grand aangedurf sal word. Onthou: Die fliek „The Hunchback of Note Dame"; die tyd: die eerste sessie en die prys: gratis, vry —al sleep u ook.

Ruk dus in groot getalle op vir 'n laaste genoeglike aand!

# Die swaarkry is kort, die vakansie lank

**BOODSKAP VAN S.R.-VOORSITTER.**


Die eksamen het vandeesweek begin. Binne 'n paar weke is dit verby. Hou net nog maar 'n bietjie uit.

Die wens van die Studenteraad aan al die Pukke wat rekenskap moet gee van hulle kennis, is dat hulle krag mag kry om ook in hierdie laaste paar weke met sukses en welslae te arbei. Hou moed en doen u bes.

Onthou! Daar is 'n lang vakansie in sig. Mag u almal, op watter manier u dit ookal mag deurbring, dit ten volle geniet om weer volgende jaar met nuwe kragte u werk te hervat.

Die Studenteraad groet ook die Pukke wat ons na dese sal verlaat. Ons kan nie anders as om u alles wat mooi en goed is met die oog op die toekoms toe te wens nie. Mag ons wat agterbly u nooit vergeet nie, en mag ons ook steeds in u gedagte 'n plekkie behou.

D. POSTMA.




STUDENT SE LEWE = HONDE LEWE

Die Wapad

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

Donderdag 17 Oktober 1957.

**REDAKSIE**

**Hoofredakteur:** D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willemse; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Rooy; Aflos Mej. L. Heslinga; Fotograaf: J. van der Walt.

**ADMINISTRASIE**

D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnre. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, R. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.

# P.U. OP KRUISPAD?

Wanneer gepoog word om 'n oorsig te gee van hoedat ons Universiteit teen die einde van 1957 daar uitsien, is die doel slegs dat elkeen hom sal oriënteer ten opsigte van sy posisie in 'n taamlik ingewikkelde situasie.

Die oorheersende indruk wat vanjaar deur die P.U. vir C.H.O. gelaat is, is die van geweldige groei en lewenskragtigheid —nie net ten opsigte van getalle nie, maar ook wat betref geboue, verfraaiïng van terreine, vermeerdering van kursusse en personeel. Vir diegene wat graag 'n groot en sterk Universiteit wil sien, dus 'n uiters bemoedigende twaalf maande.

Wat die studentelewe betref: Vroeg in die jaar het die P.U. met onderskeiding aan die A.S.B.-kongres te Stellenbosch deelgeneem. Kort daarna is op opwindende wyse Intervarsity gehou en verloor. Gedurende die wintervakansie is drie uiters geslaagde toere van stapel gestuur en op die eerste massavergadering daarna het die Pukke geprotesteer teen wat hulle beskou het as 'n skending van die waardigheid van hulle Alma Mater. Daarna is 'n nuwe S.R. en Besture gekies en aan die begin van die kwartaal het honderd Pukke met groot opoffering die Krugerdagvierings te Pretoria bygewoon. Gedurende die loop van die jaar het daar egter ook twee of drie gevalle van uiters laakbare optrede veral teenoor dames voorgekom.

Uit die voorgaande blyk enersyds dat die P.U. tans 'n „groot" universiteit word en andersyds dat sy studentelewe ook verander, naamlik in (laat ons dit noem) 'n liberale groep en 'n konserwatiewe groep.

Om dit duideliker te stel: aanvanklik was die P.U. vir C.H.O. daargestel (en het dit sy bestaansreg daarin gevind) om te voorsien in die geesteshoeftes van die Calvinistiese gedeelte van ons volk. Met die gang van die jare het hy bekend geword buite hierdie terrein—ook deur die aanbied van kursusse waarvoor daar byna geen ander fasiliteite in die land bestaan nie. Die resultaat was dat studente wat vreemd van inbors was aan die gees van ons Universiteit, hierheen gekom het. So het die twee groot elemente in ons studentelewe ontstaan.

Vir diegene vir wie hierdie werklikheid nog nie so duidelik is nie, vra ons om op die volgende te let. Voor en na die S.R.-verkiesing was dit opmerklik dat die kleinlike stryd tussen Tokkelokke en nie-Tokkelokke, Doppers en Gatjieponders, grotendeels verdwyn het. Die „konserwatiewe" samestelling van die S.R. is verwelkom deur die Gereformeerdes van hart (nie in die sin van kerkgroepe bedoel nie) terwyl die ander net nie uitgepraat kan raak oor die „kokery" nie. So was die geval met die „grappe" wat met slepers en dames gemaak is: dit is diep gelaak en hoog verwelkom. Een van die tradisierykste en mees kenmerkende van die studenteliggame aan die P.U., Korps, is die swakste bygewoon in jare—tot spyt van sommiges, tot leedvermaak en geleentheid vir kritiek vir andere. Ook op die gebied van die akademie is hierdie tweespalt duidelik: enersyds: geesdriftige, roepingsbewuste ondersteuning van pogings deur idealistiese dosente om die standaard op te skuif; andersyds, by gebrek aan 'n ander teëmiddel, 'n net so geesdriftige ontwikkeling van die skone kuns van „spot".

Voorts let ons op die volgende: daar bestaan 'n eenheidsband van gemeenskaplike trots op en trou aan ons Alma Mater. Dit het tot uiting gekom in die protes teen die plakket voor die Administratiewegebou; ondersteuning met Intervarsity; deelname aan wye A.S.B.-werksaamhede.

Vergelyk ons die laaste twee paragrawe, merk ons dat daar twee invloedryke strominge aan die P.U. bestaan en dat albei hierdie groepe 'n trou aan die P.U. openbaar. Maar hier het ons juis met die ontstellende te doen: die trou aan en trots op ons Alma Mater is by die een groep gelyk aan die trots en trou van enige student teenoor enige ander Universiteit. En dit is die tragiese, want die Puk moet sy Universiteit anders liefhê as enige ander student sy Universiteit: hy moet onlosmaaklik gebind word juis deur sy „konserwatiewe" S.R.; om sy gerespekteerde dames; sy Gereformeerde Korps; om sy wetenskap wat „In U lig" beoefen word. Daarin lê die unieke waarde van die P.U. vir C.H.O.!

Die kruispad—al is dit dan nie vir die P.U. as instituut nie, dan wel van die P.U. se studentelewe—lê nou juis hier: gaan die P.U. vir C.H.O. bewustelik waardeer word om sy andersheid of nie?

# A.S.B.-Kortverhaalwedstryd

**£25 VIR DIE BESTE INSKRYWING! ! !**

Hier is nou 'n gulde geleentheid vir al die groot letterkundiges in die Afrikaanse Studentebond se geledere om 'n prysgeld van £25 los te slaan en dit net omdat u die tyd wat u nog gaan verveel gedurende die vakansie, nuttig gaan gebruik om deel te neem.

Die reëls aan hierdie wedstryd verbonde is soos volg:

1) Daar is geen beperking op die aantal inskrywings wat 'n deelnemer mag instuur nie.
2) Net Afrikaanse stukke sal in aanmerking geneem word.
3) Inskrywings moet voldoen aan die vereistes van die Kortverhaal of Essay.
4) Kortverhale en Essays sal apart beoordeel word (indien 'n kompetisie in beide afsonderlik uitgeskrywe word—dus nie in hierdie geval nie).
5) Die finale beslissing berus by die beoordeelaars en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.
6) Geen inskrywing wat reeds in die openbare pers verskyn het, sal in aanmerking geneem word nie.
7) Enige inskrywing mag deur die Hoofbestuur gepubliseer word.
8) Deelnemers moet duplikate van hulle inskrywings agterhou indien hulle graag hulle stukke wil behou, aangesien die Hoofbestuur nie onderneem om ingeskrewe stukke terug te stuur nie.
9) Die enigste of enige inskrywing sal nie noodwendig die prystoekenning verwerf indien dit nie die standaard handhaaf nie.
10) Alle inskrywings moet die Hoofkantoor voor of op 1 Maart 1958 bereik en moet geadresseer wees aan,

Die Organiserende Sekretaris,
A.S.B.-Hoofkantoor,
Posbus 1339,
BLOEMFONTEIN.

# Oordenking

## DADERS VAN DIE WOORD.

Jak. 1:26

As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart mislei, die godsdiens van hierdie man is tevergeefs

Dit is die vermaning van Jakobus aan die twaalf stamme van Israel wat in die verstrooiïng is. Maar dis ook 'n vermaning van die Woord van God aan ons.

Om gereeld huisgodsdiens te hou maak nog nie van ons godsdienstige mense nie; om gereeld kerk toe te gaan en die Sondag in ere te hou, beteken nog nie om godsdienstig te wees nie; die feit dat ons leuse „In U Lig" is gee ons nie die reg om aanspraak daarop te maak dat ons God dien nie. Dit is dinge wat reg en goed is, wat so hoort en mooi is.

God vra egter aan elkeen van ons die vraag wat in die hart gryp: is ons ook in staat om ons tong in bedwang te hou? want uit die oorvloed van die hart spreek die mond. Eers as die gesindheid van die hart reg is dan word ons werklik daders van die Woord en nie net hoorders nie.

Om 'n christen te wees beteken om ook soos 'n christen te leef en te praat. Laat ons, onsself eerlik die vraag vra: is ons taal wat ons in die koshuise, in geslote kringe en om die teekan besig, die taal van verlostes; van mense wat God dien? Vervul hierdie vraag nie baie van ons met huiwering nie omdat ons 'n blik in ons siele kry? Is baie van ons nie bang vir wat ons daar sal sien nie?

Laat ons dan elkeen 'n keurder wees van sy dade en taal. Dit is die merkteken van hom wat glo dat ook vir sy sondes versoening gedoen is aan die kruis. Niemand sal tog spot en vloek teen hom wat aan ons 'n weldaad bewys nie, hoeveel te meer moet ons dan nie dankbaar wees omdat ons wat dood was in die sonde weer lewendig gemaak is deur Jesus Christus?

'n Godsdiens wat nie uit die hart kom nie is tevergeefs en hoe sal ons dan weet of dit uit die hart is? Deur 'n oomblik stil te staan in die gees en ons self te ondersoek of ons in staat is om ons tong in toom te hou. Dit hou egter nie in dat ons heeldag met vroom gesigte en tekse op die lippe moet rondloop nie, maar dit hou in dat ons God moet liefhê met ons hele hart en met ons hele siel en met ons hele verstand en dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself.

Niemand van ons is egter uit homself bekwaam tot enige goed nie, maar veeleer geneig om God en sy naaste te haat. Daarom dan: laat ons by ons stryd God bid om krag en genade.

Want: „As Hy die huis nie bou nie tevergeefs werk die wat daaroon bou."

S. P. B.

MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

•

KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

EXCELSIOR MEUBELS

Kerkstraat 184 — Potchefstroom — Telefoon 743

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"

Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.

ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.




## VAN DIE REDAKSIE —

P.U. vir C.H.O.,
31 Oktober 1957.

Geagte Pukke,

Hiermee ontvang u dan die laaste Wapad vir die jaar. Die Redaksie is baie bly dat die jaar se werksaamhede agter die rug is, maar voel dit werklik as behoefte van die hart om vir oulaas bietjie met u te gesels.

Met 'n terugblik oor die jaar se werksaamhede, kan dit nie anders nie as om die eerste plek baie dankie te sê. En dan nie net omdat u altyd bereid was om raad te gee nie, maar ook vir die voorreg om u op so 'n manier te kon dien. Want die werk van verslaggewer van 'n studentekoerant, is seker van die interessantste in die studentelewe. Dit was vir elke lid van die Redaksie 'n ware leerskool. Al wat ons van u kant gemis het, was 'n gebrek aan reaksie of kommentaar op dinge wat in Die Wapad gepubliseer is.

As 'n mens self kritiek sou uitoefen, sou dit kon wees dat die grootste tekortkoming in die koerant was, die droogheid en erns van die berigte. 'n Studentekoerant het meer van die tipiese studentegees nodig. Maar ons hoop om van volgende jaar of die fout te kan herstel: die reorganisasie van die Redaksie sal meehelp en ons hoop vir 'n lewendiger leserspubliek.

Waar die eksamens reeds in volle gang is, wens ons die Pukke alle sterkte toe. Mag u sukses behaal in u arbeid en aangenaam verras wees met die uitslae. Wanneer vele van u volgende jaar oor ons ou landjie versprei sal sit, hoop ons dat u 'n briefie aan Die Wapad sal skryf en vra om intekenaar te word. So kan u altyd ten volle op hoogte bly met die verwikkelinge aan die PUK.

Ten slotte is dit nodig dat dank betuig word aan ons lesers vir hul ondersteuning, aan ons adverteerders wat die uitgee van die blad moontlik maak, aan die drukker vir die geduld, moeite en hulp en aan die Redaksie en Administrasie vir hul wakker en getroue samewerking gedurende die jaar. 'n Besondere woord van dank aan die S.R. wat so 'n waardige pa was vir hierdie probleemkind van hom.

Na die eksamen: aan u almal 'n heerlike vakansie.

Groetend,
D. C. COETSEE.

PRO REGE-PERS
Boekhandel
en
Antikwariaat.
vir al u
Wetenskaplike Boeke
en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 95 — Telefoon 1164

DIE BULT SKAATSBAAN
„PUKKE ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING"
Oop vanaf 7.30 in die aand

J. P. van der WALT APTEEK
Kerkstraat 161 — Potchefstroom
„ONDERSTEUN 'N OUD-P. U. KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

ARCADIA
Dames- en Mans-
HAARKAPPERS
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons leuse.
Rokersbenodigdhede en Fantasiegoedere

Studente . . . !!
vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodighede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!
BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!
POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL
Kerkstraat 126 —Telefoon 497

WESTVAAL
Studente !!!
VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK STUUR NA
WESTVAAL

PRESIDENT CAFE
and
GRAND CAFE
FOR:
- SWEETS,
- GRILLS
and
- COOLDRINKS




# 'n Nuwe Realisme?

'n Sterk kenmerk van die Afrikanervolk is hul liefde vir realisme, wat ons van ons Hollandse voorvaders oorgeërf het. Vanaf **Ampie** is hierdie trek in die letterkunde baie opmerklik. Ons volksliedjies is vol van 'n merkwaardige opmerkingsgawe vol humor—soos Tannie wat haar neus opsy trek wanneer Omie na haar wil vry, en haar rokkie wat 'n skeurtjie in het. Die humor pas mooi by die lugtige wysies.

Wanneer ons egter kunsliedere skep, is dit gewoonlik weg van die alledaagse en van meer romantiese aard. Dan besing ons die pragtige sonsondergange, die wolke wat in die blou lug dryf, ens.

Meneer Wegelin kom in sy Damkafeekantate met 'n splinternuwe realisme. In sy uiterlike klassieke bou is daar baie harmonië verwerk wat net die mees modern-ingestelde oor kan waardeer. Die musiek en woorde saam teken die toneeltjie kostelik af. Die oggend wat rustig begin met eendjies wat op die water swem, en 'n haan wat in die verte kraai; kindertjies wag buite met mandjies om brood te kom haal. Wanneer die deur oopgesluit word, begin die drukte van die dag met 'n skok. Dan kom kaffers om „sweets" en brode te koop en kindertjies neul om koeldranke en roomys. Die mees gewaagde deeltjie kom wanneer die hortende woorde van kennisgewing op musiek weergegee word.

# DIE MESSIAS

Die P.O.K. Kuns en Kultuurvereniging moes elke keer met hulle aanbieding van Händel se „Messias" voor betreklik klein gehore optree. Die opkoms verlede Saterdagaand was tog aanmerklik beter as dié van die vorige Woensdagaand in die stadsaal.

As soliste het opgetree Helene Roux, Karinie van der Merwe, Mathilde du Plessis, Jaap Rousseau en Luther Backer. Die dirigent was dr. E. F. Woehler.

'n Mens het werklik met gemengde gevoelens na die uitvoering van die bekende werk geluister: soms met genot en soms, helaas, nie met veel entoesiasme nie. Met genot kon 'n mens luister na die soliste. Jaap Rousseau se vertolking was deurgaans baie mooi: simpatiek, musikaal en innig. Pragtig was ook Karinie van der Merwe se weergawe van „I know that my Redeamer liveth" en Mathilde du Plessis se vertolking van „He was despised". Helene Roux het 'n mooi sterk stem, maar sy moet nog baie leer, veral t.o.v. asembeheer. Van die gedeeltes vir koor was die laaste een („Hallelujah") beslis die mees geslaagde.

Daar was egter ook steurende elemente in die werk. So is die kragtige bas-area, „But who may abide" deur die alt gesing — iets wat nie alleen vreemd was nie, maar ook die karakter van die stuk skade aangedoen het. Benewens enkele uitsonderinge was die tempo ook aan die stadige kant, en hiermee het gepaard gegaan die grootliks onentoesiastiese vertolking van die koor. As ons hierby nog tel die onaangename geaspireerde sang van die soprane, wie se stemvolume bowendien te klein was, en die soms ongelyke afsluiting van die koor, dan moet mens eerlik beken dat die koor teleurgestel het, veral as mens dink aan die uitmuntende werk wat die P.O.K.-koor al in die verlede gedoen het.

Dis bowendien 'n groot vraag of Händel se musiek—soos trouens alle Barok-musiek met sy motiewe-simboliek—tot sy reg kan kom sonder die orkes waarvoor dit geskryf is, want die orkesmusiek in die oratoria is geen „begeleiding" nie maar 'n wesenlike deel van die bou van die hele werk. Die klavier kan nooit hier met sukses as plaasvervanger optree nie.

In die lig van bogenoemde kom die vraag spontaan op: moet die werke met groot omvang nie tersyde gestel word ten gunste van kleiner werke wat intensief bestudeer kan word en wat nie middele vir die uitvoering vra waaroor Potchefstroom nie beskik nie? Die ambisie en die ywer moet bly, maar gerig word op die intensiteit i.p.v. die ekstensiteit.

L.S.

# Exit Cassawali.

Cassawali het teen sy sin die afgelope tyd weer begin terugverlang na sy vaderland. Die oorsaak? 'n Rusiese skoonheid wat hom telkens weer verblind met haar sjarme en grasieuse gang. Hy het toe na baie wik en weeg vir Sputnik gevra om te kys. Haar liggie het byna uitgegaan van geluk (en baie wetenskaplikes het gegis) en blosend het sy ingewillig!

Die gevolg hiervan is dat Cassawali die laaste paar dagies op die Puk nie meer genoeg aandag aan die Pukke gegee het nie. Toe hy tot die skokkende besef kom dat hy op die dag van die **„Sak-en-as"** sal moet verkas, het 'n ontsettende heimwee hom beetgepak:

Nooit weer sal hy hom ,deursit' in die **aanpassingsklas** nie, of afjaag na die **skooltjie** op **Tokkie** se rug nie.

Nooit weer sal hy 'n inspirerende wakende ogie kan hou oor diè (o.a. gekysdes) wat in die Bib ,swot' nie, of sal hy die lange nagte deurworstel saam met die **Groot Raad** nie. Waar is nou die dae toe hy met 'n stille, vreugdevolle opgewondenheid die lang stringe Doortjies sien aankom het na die vergadersaal toe!?

Nooit sal hy weer saam lawaai met Intervarsity en probeer regopstaan as hulle die Alma Mater sing nie—al sien niemand hom nie.

Hy sal ook nie weer **Oom Sckalk** hoor praat nie en sien hoe swem die dames in die meer Visdamia na 'n vermetele aanval op die kompleks nie.

Hy sal nie weer eensaam voel as almal Juietoetse het of as bleek, afgematte, gespanne wesens blootgestel is aan die genade of wreedheid van die proffies in die eindeksamen nie.

Hy sal nooit weer saamtoer of heerlik ontroerd raak onder roerende basstemme of damesstemme met 'n „Dona Nobis" of „Banks of Allan Waters".

Hy sal nooit weer **Mevrou** se dierbare gesig sien, of wegdeins vir **Pa Dirk** se liefdevolle gestrengheid of by **tant Poppie** gaaan eet nie! Hy sal nooit weer kan spookspeel saam met die aptekers of swoeg saam met Theos nie.

Nee wat, Cassawali se blus is uit en hy voel oud soos die jaar al oud is ten spyte van sy Oktoberdrag en dit voel vir hom of niemand hom sal mis nie. Hy sê net dankie vir **Pa Chris** wat hom ook bietjie kans gegee het om te ,squeel' en vir al die Pukke wat hom verdra het. Hy sê totsiens vir al die lawaai, al die humor, al die trane, al die lag, al die klae, al die wag, al die hoop en wanhoop wat die kenmerk is van jonk-wees en student-wees. Hy sê:

,Cheers', Pukkies, en alle sterkte vir die ,swot' en ontberings!


**FLITSBERIG:**

Sputnik het by die aankoms van Cassawali opgesmelt— die twee het die Russe heerlik geflous en hy is nou besig om haar oor te haal om terug te kom Puk toe ! !

"DIENS AAN DIE GOUE WESTE DEUR FOTOGRAFIE"

**Beyers Claassen**

B.Sc. (S.A.)
M.P.S.A. CERT. MY.
M.P.S.S.A. INST. P.
(U.S.A.)



KERKSTRAAT POTCHEFSTROOM

# UIT DIE KRONIEKBOEK

## HANDELINGE VAN DIE GROOT RAAD.

Met die deurblaai deur die Notuleboek van die nuwe S.R., is dit gou duidelik dat die nuwe besem al baie gevee het vandat hy aan die roer van sake gekom het. In die boek self het 'n groot verbetering ingetree, aangesien die notules getik en afgerol en in die boek geplak word (miskien het die handskrif van die Sekretaris iets met hierdie maatreël te doen).

### BENOEMINGS DEUR DIE S.R.:

Sommer aan die begin van die ampstermyn, is dit duidelik dat die hulp van 'n hulpsekretaris en -penningmeester baie noodsaaklik is. Daarom is Idyll van der Walt en Fanie van der Walt in die twee posisies benoem. Ook die pos van Organiserende sekretaris is na lang oorweging en rype beraad gevul deur die aanstelling van Doppies le Roux in die posisie. Die ander persone wat geappliseer het, was R. de Ville en M. A. Kruger.

### DATUMS:

By die aanvraag van datums, moet betrokke instansies asseblief daarop let dat die dae van die week soos volg gereserveer word:

Maandag: Massa- en S.R.-vergaderings.
Dinsdag: Word in reserwe gehou; verder: akademiese verenigings, T.S.V. K.J.V..
Woensdag, Vrydag, Saterdag:
A.B.K.K. en onderliggame daarvan; S.S.B. en onderliggame daarvan.
Donderdag: A.S:B. en K.V.V.

### NUWE GERIEWE:

Die volgende nuwe geriewe vir die studentelewe is voorsien: 'n projektor sal binnekort in gebruik geneem word. En die snaakse goed aan die oostekant van die Administrasiegebou is die nuwe kennisgewingborde. 'n Noukeurige verdeling van die ruimte sal gemaak word. Tot sover is dit duidelik dat aan die S.S.B. vier en aan die A.B.K.K. drie vakkies afgestaan sal word.

'n Verdere groot gerief wat in die verre toekoms kan opduik, is 'n ontspanningsaal. Hiervoor het die S.R. 'n kommissie benoem wat die nodigheid en moontlikheid vir die oprigting daarvan sal ondersoek.

### INLYWINGSAKSIE:

Geen radikale veranderings in die inlywingsaksie van die vorige jare word in die vooruitsig gestel nie. Daar word egter gehoop om met die veranderings meer positiewe resultate te bereik. Die program begin op 18 Februarie, sodat wanneer die oudames en ouhere so by die twintigste arriveer, die klomp dore en drake mooi touwys behoort te wees. Die inlywingsaksie begin dan ook werklik eers op 20 Februarie om 7.00 nm. Dan kan die seniors hulleself kom oortuig van die deeglike werk wat met die touwysmakery gedoen is.

### TOERGROEPE:

Gedurende 1958 gaan die studente van die PUK weer ver in die wêreld hul ashopies laat staan. Die Musiekvereniging gaan na Noord-Oos Kaapland; Thalia na Noord-Transvaal en die Alabama na Rhodesië. Daar is dus 'n wye keuse vir alle toerlustiges. Mag die kompetisie vir plekke in die toergeselskappe gesond wees sodat die naam van die P.U. vir C.H.O. steeds verder hoog gehou sal word.

### KLEURE EN STUDENTEHANDBOEKEKSAMEN:

Tans word die betrokke komitees van die S.R. gedurig lastig geval deur persone wat aansoek doen om die Studentehandboekeksamen af te lê. Daar is egter besluit dat hierdie jaar geen sodanige eksamen afgeneem sal word nie, en dat persone wat dit wil doen saam met volgende jaar se eerstejaars kan eksamen skryf tensy hulle skriftelik om verlof vra vir 'n vroeë mondelinge eksamen. Die slaagpunt vir die eksamen is deur die S.R. verlaag na 50%. In komende tyd sal die S.R. ook toesien dat 'n volledige lys van alle korrigenda geruk en saam met die Studentehandboek versprei sal word.

### BEDANKING VAN S.R.-LEDE:

'n Skrywe is van die kantoor ontvang waar in meegedeel word dat Casper Lessing en Piet Brand permanente aanstellings aan die P.U. vir C.H.O. gekry het. Daarin word ook gemeld dit wenslik sal wees dat die betrokke persone uit die S.R. bedank indien hulle die aanstellings aanvaar. Indien hulle dan nou uit die Studenteraad en die studentegeledere verhef word, wil ons hulle van harte gelukwens en bedank vir die diens wat hulle oor 'n kort tydperk kon lewer.

### ALLERLEI:

(a) Van alle studente sal in die toekoms verwag word om identifikasiekaarte by die kantoor te gaan kry.

(b) Vir die jukskei-entoesiaste aan die P.U. vir C.H.O. sal mnre. Thos Liebenberg en Louis Steyn reëlings tref sodat hulle nie volgende jaar deur die jukskeilus verteer word nie.

(c) Tans laat die S.R. 'n vaandel vir die P.U. maak teen 'n koste van ongeveer £120.

(d) Alle voornemende Pukkieskrywers moet so gou moontlik hul bydraes inlewer, aangesien dit reeds in die vakansie gedruk moet word.

## UITSLAG VAN TUSSENVERKIESINGS

**Studenteraad:** Mej. R. Bruyns.

**Korps V.V.:** Add. Manslede:
Mnr. Hans van Zyl
Mnr. H. Dykstra.

**A.S.B.:** Add. manslid: W. Postma.

**S.S.B.:** Mej. R. Kruger,
Mnr. D. Taljaard.

**Atletiek:** **Kapt.** D. Taljaard.
O/Kapte. Mej. E. v/d Merwe,
Add. lid: Mej. M. Bekker.

**Krieket:** Pgm.: J. J. Howell.

**Korfbal:** Kapte. R. Kruger.
Sekre.: R. Schutte.

**Tafeltennis:** Pgm. R. de Ville.
Add. Manslid H. J. v/d Walt.

**Dameshokkie:**
O/Kapte. Bennie Kruger.

**Tennis:** Sekre. E. Faure.
Add. Dameslid C. Kruger.

## KOMITEES UIT DIE STUDENTERAAD.

**„Die Wapad":** Hoofred. A. Myburgh.

**„Die Pukkie":** Hoofred. J. P. de Bruin
Sakebest. P. J. Coetsee.

**„Die Besembos":** Hoofred. E. J. Smit.
Sakebest. J. B. W. le Roux.

GESELLIGHEIDSKOMITEE:

Voors. A. G. C. Yssel.
O/Voors. C. L. Sander.
Sekr. J. L. Ras.
Pgm. J. Grobler.
Add. Manslede: W. Grönum.
R. v.d. Westhuizen.
Add. Dameslede: R. Schutte.
P. Snyman.
L. Fivaz.

VREUGDEDAGKOMITEE:

Voors. M. P. A. van der Walt.
O/Voors. I. van der Walt.
Sekr. A. J. Viljoen.
Pgm. J. M. Grobler.
Org. A. J. du P. Buys.

ARGIEFKOMITEE:

Hoofargivaris: J. Venter.
Helpers: G. A. van der Walt.
J. Schutte.
P. du Plooy.

MAGASYNKOMITEE:

Magasynmeester: N. J. Grobler.
Helpers: P. v. R. Henning.
P. W. Bingle.


**TURKSTRA BAKKERY**
(Edms.) Bpk.
Kerkstraat 61.
RAADPLEEG ONS VIR . . .
● BROOD
en
● ALLE KOEKSOORTE.
ELKE DAG VARS . . . .

KOM SIEN ONS—
vir al u
● Fotografiese
en
● Aptekersbenodigdhede.
**GEEN & VELLEMAN**
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

**JAY'S GARAGE**
(K. NODEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
● MASSEY-HARRIS TREKKERS
● PLAASGEREEDSKAP,
● PLANTERS en STROPERS,
● S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.


**UNIE BAKKERYE**
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers
vir alle geleenthede
TROU, VERJAARDAG- en
DOOPKOEKE.
Kerkstraat 60, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp.

**OOSTHUIZEN**
**Kole-agentskap.**
Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.


Drink **S & S** en Geniet
DIE BESTE
SUPER ORANGE
TING-A-LING
PEP-A-DILLA
TOP HAT
SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER FACTORY
Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380
**Die Apteek vir Diens!!**

# 1957




## Die begin . . .
## en . . . DIE EINDE




## MAANDAG IS DIE BESEMBOS HIER

Na ons van mnr. Theo van der Merwe, hoofredakteur van Die Besembos, verneem, sal die blad waarskynlik op eerskomende Maandag verskyn.

Met die verskyning van die blad vanjaar, is 'n mylpaal op sy pad na ontwikkeling as 'n werklike besem wat oor alle dele van ons studentelewe vee, bereik. Mag die nuwe voorkoms die lesers aanmoedig om steeds lewendiger belang te stel in ons publikasies, want die moeite wat met vanjaar se Besembos gedoen is, sal moeilik na waarde geskat kan word.

Vir diegene wat nog nie op Die Besembos ingeteken het nie: skaf dadelik een aan en verseker 'n verfrissende luggie deur die bedompige eksamendrukte. Eksemplare is verkrygbaar teen 4/- by Mej. P. van Wyk, A. B. Prollius, Mej. W. Snyman, P. Oescher, A. Viljoen, W. Grönum, L. van der Westhuizen.

## DIE MAAN HET GEBLOOS . . . . . .

In die eksamentyd het die Pukke begin met 'n nuwe en wyse beleid ten opsigte van die amoreuse sy van hulle sosiale lewe. Hulle gaan naamlik deesdae net verhoudings aan en kys nie meer nie, want as die Proffies uitvind dat hulle gekys is, mag hulle dit miskien in hulle gryse hoofde kry om die slagoffers te laat dop, sodat hulle nog 'n jaar lank die vreugde van die nuwe liefde kan geniet. Onder sulke verhoudings tel ons dan hierdie week dié van Sussie Strydom en Jo Bester, Mathilda de Klerk en Koos Snyman.

Persone wat dit tog darem gewaag het om die sakie van kys sommer kaalkop op die naam te noem, is o.a. Joan van Zyl en Jan Fourie, Baba van der Merwe en Andre Duvenhage. En ja werklik, Cassawali het ook eindelik sy deel ontmoet in die aanvallige dog teruggetrokke Spoetnik!

Die gekysde status hier teen die einde van die jaar, moet natuurlik saam met die akademiese status verhoog word, en daarom het Betsie Kruger en Flip Linde asook Vos Venter en Esther de Bruin maar die stoute skoene aangetrek om na die volgende trappie te klim, naamlik dié van verloofdes.

En daarmee het die maan sy langbeenstadium ontgroei—hy is nou uitgebloos en uitgegiggel, maar dit wil nog nie sê dat daar nie weer volgende jaar dinge sal gebeur waaroor hy kan giggel nie ! ! !

ADVERTEER IN „DIE WAPAD"

# Tennis ruk reg.

## *Pukkies win bure.*

Na aanvanklike neerlae van die eerstespan teen proefplaas en Eureka, het die manne mooi reggeruk en P.O.K. Saterdag in 'n lewendige wedstryd met 142 spelle teenoor 122 die loef afgesteek.

In die eerste ligawedstryd van die seisoen moes P.U. die knie op ons tuisbane buig teen Proefplaas. Die wedstryd is in 'n sterk wind afgespeel en by gebrek aan wedstrydoefening kon die Pukkies nie die wind deeglik benut nie.

Die daaropvolgende wedstryd teen Eureka op lg. se bane het beter tennis opgelewer. Die Pukkies moes weliswaar weer op die totaal die knie buig met 143 spelle teenoor 121, dog in die mansdubbelspel kon ons spog met 'n oorwinning van 29—15.

Onder dreigende onweerswolke het P.U. Saterdag die stryd aangeknoop teen P.O.K. Die spel moes egter ± 4.30 nm. gestaak word weens reën. Maandagoggend vanaf 6—7 vm. is die wedstryd voltooi en die Pukkies kon met 'n oorwinning van 20 spelle eksamenkamer toe stap.

TWEEDE SPAN:

Die tweedespan moes eweneens in hul eerste twee wedstryde die knie buig teen T.A.K. en Eureka. Die wedstryd teen P.O.K. het egter gelykop geëindig nadat dit weens reën gestaak moes word.

Dit is jammer dat ons twee staatmakers, Dawie du Plessis en Andrew Makkink nie albei in die vorige wedstryde kon speel nie, anders kon sake straks anders verloop het.

## DIE SWEMSEISOEN HET REEDS BEGIN.

Ongelukkig val 'n groot gedeelte van die swemseisoen gedurende bloktyd en eksamentyd en is daar dus nie veel geleentheid om galas te reël nie. Die PUK. se swemspan voer egter groot dinge in die mou.

Die eerste swemgala het alreeds op Saterdag 19 Oktober teen Parys plaasgevind. Hier het veral Nettie van't Riet in die borsslag items, asook die waterpolo span, die louere ingeoes. Die puntetelling was ongelukkig nie in die Puk se guns nie alhoewel al die swemmers hulle uiterste bes probeer het.

Verdere vooruitsigte gedurende hierdie jaar is 'n gala teen Klerksdorp en dan natuurlik die intervarsity in Bloemfontein wat vanaf 5—7 Desember sal duur. Met swemmers soos Ansa Bingle, Riekie Dekker, Nettie van't Riet in die borsslagitems, asook die Bets Coetzee, Rossouw Hurter, Dick Daly, Pieter Thiel en Hennie van der Merwe behoort ons 'n goeie kans te staan om hierdie keer, ten minste die Kovsies en die Maties 'n pak te gee.

Vir die intervarsity sê ons spesiaal „sterkte" en, „Wen die Kovsies!".

## OORSEE VIR VERDERE STUDIE

Teen die begin van 1958 vertrek Jozef Henning na München (Duitsland) vir verdere studie aan die Max Planck-instituut vir Fisika waar hy verder wil grawe in die geheime van die Teoretiese Fisika. Hy hoop om na drie jaar sy doktersgraad te behaal onder promotorskap van Prof. Heisenberg.

Soos ons hom ken, weet ons dat hy ten beste gebruik sal maak van die fasiliteite van die Instituut en die beroemde Hoftbräuhaus van München. Al sy vriende wens hom sterkte toe en sal mooi na sy meisie kyk.


Alle voorspoed aan die nuwe Studenteraad en Onderliggame en vir die komende jaar hoop ons op dieselfde samewerking

*Enslins Drukkery*

*Posbus 92 - Potchefstroom*

LOOCK & KEENEY
Kleremakers
Calderbanksgebou,
Kerkstraat 150 — Telefoon 855.
POTCHEFSTROOM.

NOORDBRUG
Kontantwinkel
(Eienaar: A. G. Botha).
LANGS N.-POSKANTOOR
Vir Kruideniersware, Skryfbehoeftes, Lekkers, Sigarette en Toiletware

A. T. LUKE & KIE.
APTEEK
ook
• GRAMMOFOONPLATE
Gewone- en Langspeelplate.

WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL
vir alle
SPORTUITRUSTING en SPORTBENODIGDHEDE.
HARDEWARE

SAAMWERK WINKEL,
VON WIELLIGHSTRAAT 35
Foon 515
Algemene Handelaars
KRUIDENIERSWARE,
HARDEWARE,
KLERASIE,
en SKRYFBEHOEFTES

J. HEIDEMA
Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)
Vir FIETSE.
Vir ZÜNDAPP Motorfietse.
Zündapp model KS 601 £348
Zündapp model 200S £183/2/6
Zündapp Combinette £81/10/-
Zündapp Combimot Fietsmotors £39/-/-

HAROLD'S
AUTOMOBILE SERVICE STATION.
Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
Voorraadhouers van alle
Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.

VIR AL U
FIETSE,
N.S.U. BROMFIETSE,
BROMPONIES en
FIETS HERSTELWERK.
BESOEK
Park Fietswinkel
(F. F. Tranter.)
H/v. Lombard- en V. Riebeeckstraat.
Telefoon 9954.


INGRAM SE
BOTTELSTOOR
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
• Wynsoorte
en
• Spiritualieë

J. TOD SUTTIE.
Komplete
Mansuitrusters
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 177 — Telefoon 1.
POTCHEFSTROOM

CORNER
FRUIT STORE
★
„U KEN ONS!!"

# EERSTESPAN BYT VAS. ...... REEN RY KRIEKET IN WIELE.

In die eerste wedstryd van die jaar moes die eerstespan met 'n gelykopbeslissing teen Proefplaas tevrede wees en in die wedstryd teen Milnerskool, Klerksdorp, het die reën die Pukkies van 'n oorwinning beroof.



DIE PUKKE IN AKSIE.

Die wedstryd teen Proefplaas is op Garnisoen se veld afgespeel en nadat Proefplaas die loot gewen het, het hulle besluit om eerste te kolf op 'n mak baanblad. Hoewel die Pukkies se veldwerk goed was, het Proefplaas daarin geslaag om 'n telling van 210, almal uit, daar te stel. Greyling was hul staatmaker en het 'n telling van 111 behaal. Hierdie beurt het twee sessies en nege viertjies bevat en hy het drie kanse gebied, dog toe was sy hondertal reeds in sig.

Hierna is die Pukkies ingestuur om te gaan kolf. Dit was geen maklike taak nie want die span was maar bra kruppel aangesien vyf gereëlde eerstespanspelers nie beskikbaar was nie. Die manne het egter moedig teruggeveg en die wedstryd het baie spannend geword toe die 210-merk reeds byna in sig was. Die stertkolwers het egter in duie gestort en Proefplaas kon met 'n eerstebeurtoorwinning van 28 lopies spog.

**TELKAART: Proefplaas:** 210 almal uit Greyling 111, Howell 3/34.) **P.U.:** 182 almal uit (Christie Coetzee 49, Amie Venter 44, Ben Potgieter 35, Baber het 5 paaltjies laat kantel.)

**MILNER:**

Die volgende kragmeting was teen Milnerskool. In antwoord op Milner se telling van 80 lopies, almal uit, het P.U. 104 lopies aangeteken. Die manne wat hier goed gevaar het met die bal was Snyman (3/13), Faul (4 17) en Dijkstra (3/41).


Die Pukkies wat op stryk was met die kolf was: C. Coetzee (23), Faul (22), Dijkstra (14) en Howell (13). Swanepoel (4/23) en Roos (3/30) het die P.U.-kolwers goed in toom gehou.

Met die hervatting van die wedstryd verlede Saterdag kon Max Faul slegs twee balle op 'n deurnat baanblad afstuur alvorens die manne moes hardloop vir skuiling vanweë die reën. Die wedstryd eindig dus ook gelykop, dog die Pukkies behaal twee punte vir sy eerste beurtoorwinning.

Die kaptein, Ben Potgieter, het 'n baie prysenswaardige voorbeeld gestel deur met sy arm nog in gips, te speel. Boonop het hy nog goed gevaar met die kolf en veldwerk ook.

**TWEEDESPAN:**

Weens die eksamen moes die wedstryd van die tweedespan gekanselleer word. Ons hoop egter dat die manne 'n tydjie vir oefen sal kan afstaan en dat die volgende wedstryde wel sal kan plaasvind want ons weet dat die tweedespan baie goeie rekenskap van hulself sal gee.



VOORSPOEDIG REIS, PUKKE!




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg RA 130

GEDRUK DEUR ENSLINS, POTGIETER STRAAT 31, POTCHEFSTROOM.